PAREL VALLEI HIGH SCHOOL

TROTS OM 'N PAREL VALLEIER TE WEES

Kwartaal 1 | **NUUSBRIEF** | 1 April 2011

Geagte Ouers

Die 10-dag vakansie is op hande en ons is skaars terug wanneer u dan, met Paasnaweek, weer 'n volgende 11-dae vakansie gaan geniet. Ek herinner u aan die twee dae wat ons vroeër begin het om die twee dae tussen die twee langnaweke te kon gebruik vir hierdie verlengde vakansie.

Verkiesing: Soos u almal weet, is 18 Mei nou amptelik 'n vakansiedag om die bevolking toe te laat om te stem. As u in hierdie omgewing geregistreer is, kan u gerus hier by die skool kom stem. My eie ervaring hiervan is dat dit altyd rustig is en u staan onderdak tou eerder as in die warm son!

Musiekblyspel: Die leerders wat gekies om aan hierdie "Musical" deel te neem weet almal reeds wie hulle is. Ek vra ouers om hulle kinders asseblief te ondersteun met die oefentye wat gereël is. Dankie by voorbaat vir die reëlings wat u reeds tref om alles in te pas.

Wintersport en Toer: Ons rugby, netbal en hokkiespelers is reeds op toer. Ek weet hulle sal die binnelandse toer, wat in die plek kom van 'n buitelandse toer, baie geniet en ook baie leer van ons eie land en ons eie mense. Ons vertrou dat hulle veilig sal reis en met pragtige herinneringe sal terugkeer.

Wanneer ons volgende kwartaal begin, is dit volstoom voort met al die wintersportsoorte. Ek wil graag 'n paar hoogtepunte aan u uitlig waar ons verwag dat alle Parel Valleiers teenwoordig sal wees om hulle skool (in skooluniform) te ondersteun:

16 April teen DF Malan (Tuis)
7 Mei teen Hermanus (Tuis)
28 Mei teen Strand (Tuis)

Ek herinner u (en ons kinders) ook dat daar verwag word dat elke leerder aan een winter en een somersportsoort sal deelneem. Deelname aan 'n span, al is dit die F- of die G-span, is belangrik. Dit is nie net die A-spanne wat belangrik is nie!

Ek spreek die skool se dank uit teenoor Mnr. Davison, een van ons ouers en die eienaar van Connoisseur Autohaus wat ons wintersport A-spanne borg. Sy ondersteuning word opreg waardeer en gee ons topspelers iets spesiaals om na uit te sien wanneer hulle die geborgde truie en rompies en frokkies aantrek! As u dus 'n tweede of 'n nuwe motor soek, gaan kyk gerus by Connoisseur Autohaus!

Akademie: Daar is 'n spesiale vergunning net vir graad 11-leerlinge na die Junie- en Desembereksamen. Die Bestuurspan het besluit dat ons vir enige leerder wat in die Junie– en Desembereksamens 79% vir enige vak behaal, die geleentheid sal gee dat hy/sy mag aansoek doen vir 'n hersiening van hierdie punt. Al wat moet gebeur is dat u as ouer binne drie (3) dae na die aanvang van die volgende kwartaal skriftelik so 'n versoek aan my moet rig. Ons interne assesseringskomitee sal dan na al die vraestelle in die betrokke vak, asook die vorige prestasie van die leerling in daardie vak bekyk en 'n besluit neem oor die opskuif van die punt tot 80%. Ons hoop om met hierdie vergunning ons graad 11-leerders te

ondersteun wanneer hulle aansoek doen by die universiteite.

Datums vir volgende kwartaal:

1. Skole heropen Maandag, 11 April
2. Oueraand Maandag, 18 April
3. Ope Dae 19 en 20 April
4. Paasvakansie 22 April tot 2 Mei
5. Eksamen begin 27 Mei
6. Langnaweek 16 - 19 Junie
   (Onthou van die Musical-oefening)
7. Skole sluit 24 Junie
   (Laaste eksamen op 21 Junie)

Geniet die 10-dag vakansie met u kinders tuis en ons ontvang hulle weer graag, geskeer, gekam en blink geskrop in Winteruniform. Lekker rus na ‘n besige kwartaal.

Die uwe

E. GOUWS
SKOOLHOOF

Maths Help

Root2Maths has been tutoring learners since 2005 and has a reputation for achieving good results. We will be starting an extra mural maths tutoring school in May with a maximum of 9 learners per class or we can provide one-on-one tuition. Call Bruce on 021 852 5096 for more details or send email to root2maths@gmail.com